KOMMUNIKAMMA 2 AUGUSTUS 2020

Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:
U blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com
Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS VIR DIE WEEK:

Romeine 8: 27 & 28.

"En God wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God vir die gelowiges. Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir diė wat Hom liefhet, diė wat volgens Sy besluit geroep is."

SAKE VIR GEBED:

- Ons is so dankbaar vir die heerlike reën wat geval het, maar ons bid ernstig dat die Here vir ons ook mildelike reën oor ons opvang gebiede sal stuur. Die water toestand vir ons stad bly kritiek.
- Die geneeshere, verpleegsters en gesondheidsdienste is nou onder geweldige druk. Ons glo dat hulle te midde van al die uitdagings fisies, geestelik en emosioneel staande sal bly. Ons is so dankbaar vir die onbaatsugtige diens wat hulle met soveel liefde doen.
- Baie van die pasiënte wat Covid-19 gehad het, het gesond geword. Ons dank ons Hemelse Vader vir Sy genade.
- Daar is baie spanning in baie huishoudings agv die nuwe abnormale omstandighede waarin almal nou leef. Ons dink veral aan die onsekerheid van werk en inkomste en alles wat gepaard gaan met die pandemie. Ons buig laag voor ons Here en bid vir uitkoms.
- Die geestelike toestand van al ons gemeentelede wat nou al so lank afgesonder, ingeperk, bedlêend en eensaam is. Ons dink in besonder aan hulle in ons gebede.
- Nico de Klerk se broer is oorlede. Ons meegevoel aan hom en sy familie.
- Janine Coetzee sukkel met haar gesondheid en haar dogter, Elize wat in België is, is ook ongesteld.
- Danie van Wyk sukkel met sy gesondheid.
- Carika van Heerden sukkel met haar gesondheid.
- Die rasseverhoudings is in ons land word verder versteur deur ondeurdagte uitsprake. Bid vir vrede en kalmte en dat God naasteliefde en omgee in almal se harte sal plant.
- Ons bid dat ons president en leiers die nodige wysheid en insig van God sal kry om moeilike besluite te neem.
- Ons leerders, skoolhoofde en onderwysers en almal wat met opvoeding te doen het, het die nuwe abnormaal goed bemeester. Ons is baie dankbaar vir elkeen wat sy deel bydra. Bid vir die matrieks en almal wat hierdie week teruggaan skool toe.
- Weereens wil ons vir elkeen van harte bedank vir die ondersteuning van die Voedselprojek. Die dankbaarheid wat uit die mense se oë straal is aangrypend.
- Daar het beslis goeie dinge ook die afgelope jaar gebeur. So baie mense het tot bekering gekom. Ons loof en prys ons Vader vir wat Hy in hierdie tyd doen. Ons dink veral ook aan ons sendelinge en geestelike leiers wat nooit opgehou het om Sy Koninkryk uit te brei en Sy Naam bo alles te verheerlik nie.
- Frits en Nickey wat op Muapula in Mosambiek bedien se dogter Ansie, wat in Kanada is, is met borskanker gediagnoseer en sy moet gaan vir 'n operasie.
- Bid vir mekaar en pas julle mooi op. Elkeen van julle is belangrik vir ons.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:
Bid vir nuwe bekeerlinge in **Marokko** wat deel van 'n gemeente wil word. Daar is geen amptelike kerke waar plaaslike Marokkane vanuit 'n Moslem-agtergrond kan aanbid nie. Hulle het die Heilige Gees se leiding nodig om 'n huiskerk te vind wat gewillig sal wees om hulle in te neem, sonder dat hul daarvan verdink word dat hulle spioene is.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU
Die kerkraad het besluit om nie te begin met eredienste in die kerkgebou nie. Die besluit sal hersien word indien dit nodig is. Alternatiewe maniere van bediening sal ondersoek word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:
Sondag 2 Augustus
EREDIENSTE
Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Maandag 3 Augustus
18:00 Dagbestuur vergadering via Zoom. Indien jy 'n versoek of voorstel het wat jy onder die dagbestuur se aandag wil bring, kontak asseblief met ons.

Dinsdag 4 Augustus
Ons Bybelstudiegroep begin met 'n nuwe boek, Deon Loots se: Net een ding is noodsaaklik. Ons zoom Dinsdae van 15:30-16:30 vir Bybelstudie. Laat weet as enige iemand by ons wil aansluit of dalk net die boek wil hê. Ons zoom al te lekker saam. (Elizma Harmse – 083 940 5617)

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.
Aflaai van voedselhulp aan PE-Noord. Kyk aankondiging hieronder.

Woensdag 5 Augustus
KERKKANTOOR
Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak, by Niekie (082 561 8747), indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie**. Volg asb die regulasies.

GEMEENTEBIDUUR
Ons hou elke Woensdagaand om 18:00 'n gebedsgeleentheid op Zoom. Kontak asb met Niekie indien jy wil inskakel en saambid.

Vrydag 7 Augustus
MANNEGROEP
05:30-06:30 Mannegroep op Zoom. Besonderhede sal op die Kraggakamma Manne Wattsapp groep uitgestuur word. As jy nog nie op die groep is nie en wil inskakel, kontak met Elandre Bosch by sel: 084 812 4645. Alle manne welkom om te kom saamkuier.

VERJAARSDAE
Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

2 Augustus	Adri de Wit
3 Autgustus	Annel Germishuys en Hein Nel
4 Augustus	Benn de Wit, Ashleigh Frazenburg, Luhein Frazenburg, Freddie Gerber, Arno Spinks, Martin Spinks, Theresa Thompson, Liane van der Merwe, Marisa van Wyk
5 Augustus	Christoff van der Merwe
6 Augustus	Ané Retief en Regardt van Zyl
7 Augustus	Kayleigh Buchner, Armand Greyling, Pierre Jacobs, Riaan Roelofse, Jackie van Heerden, Marlize Westraadt
8 Augustus	Mario du Preez en Nicole Wentworth

STAP, DRAF, TRAP VIR BYBELS

Die Bybelgenootskap vier op Sondag 23 Augustus hul 200ste verjaardag!
Die groot projek wat hul in die vooruitsig stel het vir hierdie besondere verjaardag, is om 2 miljoen Bybel-pakkette van R100 elk, bestaande uit 'n Bybel plus 'n stel Doen en Leer Boeke, in ons land te versprei. Dit is bedoel om die nood aan Bybels onder behoeftiges te verlig. Daar is meer as 23 miljoen mense in ons land sonder Bybels, en dít maak van ons 'n Bybel-arm land.
Meer inligting oor die projek sal uitgestuur word sodra ons dit ontvang het.
Kraggakamma gemeente is in die Oos-Kaap finansieel een van die grootste ondersteuners van die Bybelgenootskap. Kom ons bly deel van die Bybelgenootskap se ywer om die Woord van die Here in elke huis in Suid Afrika te kry. Vir meer inligting, kontak Ben Fourie by sel: 0834482137.

DIGITALE SPAN

Daar is geen twyfel dat die digitale bediening gekom het om te bly nie.
Is daar iemand wat op hierdie diensgroep wil help? Kontak asb vir Niekie.

SPANNE WANNEER EREDIENSTE HEROPEN

Wanneer eredienste hervat, benodig ons ten minste twee spanne in die gemeente - een vir die ontsmetting van die gebou en een vir die verwelkoming van lidmate en bestuur van toegang tot die erediens ("screening").
Mense wat hier wil dien, kan ook met Niekie skakel.

HULP AAN PE-NOORD

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en, teen Woensdag 29 Julie is reeds R 115 995.76 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons probeer so 30 gesinne per week help. Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassiarylaan 82) afgelaai word en van 17:00-19:00 by MG van Rooyen (Asterlaan 16). U kan ook inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in die kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

DANKOFFER

Die eerste 4 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.
Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.
Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

ADVERTENSIEBLAD

Hierdie advertensieblad gee gemeentelede kans om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer.
Gemeentelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za.
Die advertensies sal op facebook verskyn. Die inligting word 2 weekliks uitgestuur op die Wattsapp gemeentegroep.